

ONDERSTE LEDEMAAT BLOK INLIGTINGSTUK

Hospitaal plakker



South African Society of Anaesthesiologists, Acacia Branch

Geagte Mnr/Mev. _____

U gaan `n onderste ledemaat- blok kry vir een van die volgende redes:

- 1 As pynverligting na u ortopediese operasie aan u heup, bobeen, knie, onderbeen, enkel of voet.
- 2 As narkose vir u ortopediese operasie aan u heup, been of voet.

Alhoewel die gewildste metode van regionale narkose vir die onderste ledemaat n spinaal of epiduraal is, is daar n plek vir hierdie onderste ledemaat blokke. Hulle is soms tegnies uitdagend en verg by plekke veelvoudige inspuitings maar is veilig en gee goeie post-operatiewe pynverligting bied in die afwesigheid van n volkome simpatektomie. Hierdie blokke word toegedien deur n inspuiting in die lies, onder die vou van die boud, agter die knie of rondom die enkel afhangend watter spesifieke onderste ledemaat blok en of dit alleen of in kombinasie toegedien word. Die tipe onderste ledemaat blok/ke wat toegedien word, word gekies op grond van waar op die onderste ledemaat geopereer word en sluit in: femorale en Winnie se 3-in-1 blok, sciaticus blok, popliteale blok en enkel blok. Dit is oor die algemeen `n baie effektiewe en veilige metode van pynverligting vir die onderste ledemaat. Die blok word deur u narkotiseur toegedien wat dan ook die tegniek aan u sal verduidelik. Meestal word die blok toegedien met n sensuwee stimulator, om die betrokke sensuwee wat ons wil blok te identifiseer, wanneer u reeds slaap. Die bondel sensuwees wat die voorkant van die been voorsien ontstaan in die lies en die sensuwee wat die agterkant voorsien ontstaan in die boud. Dit is dan nou juis hier waar ons dmv die inspuit van n lokale verdower, die sensuwees blok. Alhoewel die blok meestal vir 8-10 ure werk is die werkingsduur verskillend vir elke pasiënt. Opper asb enige vrae tydens die pre-operatiewe besoek aan die narkotiseur.

Hier volg `n lys van komplikasies wat kan voorkom met die toediening van hierdie blok/ke. Ons is uiteraard baie versigtig met die toediening hiervan, maar komplikasies kom ongelukkig tog soms voor en die behandeling daarvan kan verdere kostes vir u meebring.

Algemene komplikasies.

- 1 *Motoriese blok:* Alhoewel ons doel is om net die pynvesels van die sensuwee te blok gebeur dit meestal tot n mindere of meerdere mate dat die vesels wat beweging beheer ook geblok word. U kan dus verwag dat u been swaar en/of

lam sal voel as u wakker word.

2 *Gefaalde blok*: Dit mag gebeur dat daar nie geslaag word om die blok suksesvol toe te dien weens meganiese of lokale faktore bv. oormaat vet of vorige operasies. Andersyds mag die blok nie die mate van pynverligting bring as wat verwag word nie, en sal daar alternatiewe pynverligtings metodes in werking gestel word.

Skaars komplikasies.

1 *Hematoom*: Omdat daar n paar groot bloedvate in die lies teenwoordig is, kan 1 van hulle raakgesteek word tydens die prosedure en bestaan daar n skraal kans dat dit n hematoom mag vorm. Die teenwoordigheid van n vaskulere "graft" of vorige vervangings chirurgie in die betrokke area, is n relatiewe kontra-indikasie vir n blok hier.

2 *Lokale ongemak*: omrede soms deur die boudweefsel moet gaan om die senuwee te bereik, maar is van korte duur.

Uiters skaars komplikasies

1 *Intraveneuse toediening*: daar bestaan n risiko dat van die lokale verdower direk in n aar/slagaar gespuit word en dan konvulsies of hartdisritmieë kan veroorsaak. Ons is baie bedag hierop en trek gereeld terug tydens die inspuiting om so n komplikasie te vermy.

2 *Sepsis*: Alhoewel ons uiters steriel werk is daar `n klein moontlikheid dat daar `n oppervlakkige infeksie van die vel of selfs `n abses kan ontstaan .

3 *Senuweeskade*: Dit kan ontstaan met die plasing van die naald maar met die gebruik van die senustimulator is dit baie onwaarskynlik.

4 Daar is ook nog `n paar ander uiters skaars komplikasies wat in die literatuur gedokumenteer is.

Ek verklaar hiermee dat ek die inligtingsstuk deurgelees het, die inhoud hiervan verstaan en enige onduidelikhede met my narkotiseur bespreek het. Hiermee gee ek toestemming vir die toediening van `n boonste ledemaat blok op myself/afhanklike.

Geteken te _____ hospitaal op _____200__ (datum)

Handtekening _____ (pasiënt/ouer/voog)